6/21

www.Aalwyn nuusbrief .co.za 2021

Die nuwe antimikrobiese produkte sal teen 1 November 2021 beskikbaar wees.

BELANGRIK

Die "AM" in die *AM*-reeks verwys na die term "AntiMikrobies" en nie na 'n tyd van die dag nie.

- *AM FACE WASH*: 100 ml @ R80 – sulfaatvrye antimikrobiese gesigreiniger vir sagte/irritasievrye reiniging.
- *AM ALOE GEL*: 75 ml @ R110 – ontwikkel as 'n meerdoelige, antimikrobiese gesig- en lyfjel wat die vel effens uitdroog om sekere veltoestande te help opklaar.
- *AM MOISTURIZER*: 50 ml @ R80 – antimikrobiese gesigbevogtiger vir olierige en probleemvel, en bevat farmaseutiese graad bentonietklei, wat uitstekend werk vir olierige en akneevelle.

VANISHING CREAM sal binnekort deur die nuwe *AM MOISTURIZER* vervang word. Daar is 'n beperkte voorraad *VANISHING CREAM* beskikbaar – bestel vroegtydig!

ALOE COVER (alle kleure) gaan binnekort van die mark af. Daar is tans beperkte voorraad beskikbaar en geen onmiddellike planne vir 'n vervangende produk nie – maak seker dat jy betyds bestel!

---

24 en 24M+ is albei uitstekende dag- en nagbevogtigers. Albei bevat aktiewe ingrediante wat bevogtig en beskerm gedurende die dag, en herstel in die nag. Die "M+" verwys nie na 'n spesifieke geslag nie – albei produkte is geskik vir mans en dames. 24 is geskik vir alle ouderdomsgroepe – tiener tot bejaard, waar 24M+ minder op voortydige teenveroudering fokus, maar meer op herstellende teenveroudering. 24 en 24M+ kan in samewerking gebruik word deur 24 in die oggend, en 24M+ in die aand, aan te wend.

WRINKLE-LESS is 'n merkwaardige gesigbevogtiger, ontwerp om vel te hidreer en beskerm teen die aanslae van velveroudering wat veroorsaak word deur omgewingselemente. Dit bied breë spektrum SPF 15-beskerming en bevat verskillende teenverouderingsaktiewe ingrediante met beproefde velvoordele om velveroudering te voorkom en herstel.

HET JY GEWEET?

WRINKLE-LESS dien ook as 'n hoë gehalte, uiters effektiewe teenveroudering-bevogtiger vir jou hande.

Aloe Ferox het volledig-saamgestelde velsorgstelle op 1 September 2021 bekend gestel. Ons merk op dat baie verbruikers slegs een of twee Aloe Ferox-velsorgprodukte spesifiek vir hul veltipe gebruik, en glo heelhartig dat dié meer bekostigbare stelle dit makliker sal maak om volledige velsorgstelle aan jou kliënte te bemark. Bekyk gerus die Skincare Sets-brosjure, beskikbaar vanaf info@af.co.za en www.af.co.za.

BELANGRIK

- Die saamgestelde stelle verkoop teen 10% laer as standaardpryse.
- Die stelle word as individuele produkte verpak en versend – m.a.w. daar is geen addisionele verpakking nie.
- Die stelle is 'n permanente toevoeging tot die Aloe Ferox-produkreeks.

Aloe Ferox® vervaardig nie medisyne nie – ons vervaardig aanvullings, wat uit kruie met natuurlik-genesende gesondheidsvoordele bestaan. Dit beteken egter dat ons wetlik geen gesondheidsaannames mag adverteer nie. Om hierdie beperking te oorkom, het ons die nuwe etikette so ontwerp dat dit op 'n eenvoudige manier die leser se aandag prominent vestig op die werking en funksie van die onderskeie aanvullings.

BELANGRIK

Sommige verspreiders interpreteer egter foutiewelik dat die werking- en funksiebewusmaking op 'n naamsverandering dui.

FABULOUS FIBRE BITTER is steeds *FABULOUS FIBRE BITTER*
✓ Die nuwe etiket vestig bloot die aandag op "awareness to a healthy gut"

ALOE MULTI PLUS is steeds *ALOE MULTI PLUS*
✓ Die nuwe etiket vestig bloot die aandag op "awareness to healthy nutrition"

Die nuwe 100% varsgeperste *Aloe ferox*-dieetveselsappe sal vanaf begin Oktober 2021 beskikbaar wees.

- *ALOE FIBRE JUICE* BANAPEARRY: 500 ml @ R60 – bevat 35 g oplosbare aalwynvesel. Dosis: 500 ml per dag of soos nodig om veselinname aan te vul.
- *ALOE FIBRE JUICE* CONCENTRATE: 500 ml @ R80 – bevat 250 g oplosbare aalwynvesel. Dosis: 70 ml per dag of soos nodig om veselinname aan te vul.
- *ALOE FIBRE JUICE* BITTER: 500 ml @ R80 – bevat 35 g oplosbare aalwynvesel.

Dosis: 10-30 ml behoort genoeg te wees om dermbeweging binne 6-12 ure te stimuleer.

KONTANT INBETALING FOOIE

Ons versoek dat alle kontantinbetalings aan Aloe Ferox na ons bestaande FNB-rekening gemaak word:

- *Rekeninghouer: Aloe Ferox (Pty) Ltd*
- *FNB-rekeningnommer: 6288 8837 691*

Verspreiders sal vanaf 1 November 2021 verantwoordelik wees vir die totale bankkoste op kontantinbetalings wat nie na hierdie FNB-rekening gemaak word nie.

HET JY GEWEET?

Aloe Ferox® is die enigste maatskappy in Suid-Afrika – en miskien die wêreld – met die beskikbare natuurlike organiese hulpbronne om 100% varsgeperste *Aloe ferox*-sap in ons produkte te gebruik. Geen ander vervaardiger kan deurlopend varsgeoeste, varsgeperste, 100% gekonsentreerde en voedingryke aalwynsap waarborg nie.

Daar is absoluut geen gelyke nie!

100% Varsgepers 1

Aloe Ferox het die proses om *Aloe ferox*-sap vars te pers vir gebruik in persoonlike sorg-produkte, ontwikkel. Geen vitamines en nutriënte gaan tydens die proses verlore nie. Ook geen hoë en lae temperatuur-verwerking of selfs dehidrasie nie!

Natuurbewaring 2

Aloe Ferox het jare terug 'n grootskaalse bewaringsprojek geloods om die volhoubaarheid van die *Aloe ferox*-spesie te verseker deur verskeie *Aloe ferox*-aanplantings te vestig, wat tans bestaan uit meer as 200 000 individuele plante.

Aloe ferox-plant 3

Die Khoisan-mense van Suider-Afrika oes al vir eeue die helende sap van die Suid-Afrikaanse plant bekend as die "Kaapse Aalwyn". Die botaniese naam is *Aloe ferox*. Hierdie eeue oue tradisie word vandag steeds voortgesit deur *Aloe ferox*-blare uit privaat, organiese plantasies in die Albertinia-distrik te oes d.m.v. volhoubare boerdery-metodes. Die voedingryke groen skil, deursigtige binnefillet en bitter sap word gebruik om die hoogs effektiewe Aloe Ferox- en Timeless-handelsmerke te produseer.

Aloe ferox-plantbronne 4

Die kleur van hierdie druppel dui die primêre plant-bron van elke produk aan:

Wit – deursigtige binnefillet
Groen – groen skil
Goud – geel/bruin bitter sap

WEIGHT LOSS TESTIMONY

#29
01/10/2021

BEFORE **AFTER**

ENGLISH

Désirée lost nearly 8 kg's in 11 weeks!

The weight loss challenge started on the 1st of March. On the 2nd, I celebrated my 60th birthday which continued right up until the 7th, when my husband and I celebrated our wedding anniversary! I used *APPETITE CONTROL* and *ALOE FEROX JUICE* during the challenge. I personally feel that the weight loss program (through which I was i.e., able to eliminate certain foods) was what really helped me.

Thank you for the opportunity to join the weight loss challenge. I am pleased with my results and will continue eating intuitively, but with health and wellness in mind.

AFRIKAANS

Désirée het byna 8 kg in 11 weke verloor!

Die gewigsverlies-uitdaging het op 1 Maart begin. Vanaf die 2de tot en met die 7de het ek beide my 60ste verjaarsdag sowel as my huweliks-herdenking gevier! Ek het *APPETITE CONTROL* en *ALOE FEROX JUICE* gedurende die uitdaging gebruik. Ek voel baie sterk dat die gewigsverlies-program (waardeur ek bv. sekere kosse kon uitsluit), die grootste deurbraak vir my gebring het.

Baie dankie vir die geleentheid om te kon deelneem aan die uitdaging. Ek is tevrede met my resultate en sal voortaan steeds eet met die oog op gesondheid en welstand.